SECTION

1. Definitions
2. Application of By-laws
3. Premises for the keeping of Livestock and Kennels
4. Keeping of Animals, Poultry and Birds
5. Permits for keeping of Animals and Poultry

CHAPTER II

KEEPING OF CATTLE, HORSES, MULES AND DONKEYS

6. Requirements for Premises
7. Duties of Keeper of Cattle, Horses, Mules and Donkeys

CHAPTER III

KEEPING OF PIGS

8. Requirements for Premises
9. Duties of Keeper of Pigs

CHAPTER IV

KEEPING OF GOATS AND SHEEP

10. Requirements for Premises
11. Duties of Keeper of Goats and sheep

CHAPTER V

KEEPING OF POULTRY

12. Requirements for Premises
13. Duties of Keeper of Poultry

CHAPTER VI

KEEPING OF RABBITS

14. Requirements for Premises
15. Duties of Keeper of Rabbits

CHAPTER VII

KEEPING OF BIRDS

16. Requirements for Premises
17. Duties of Keeper of Birds

CHAPTER VIII

DEALER IN LIVESOCK AND OTHER BUSINESSES REGULATING THE KEEPING OF ANIMALS OR POULTRY

18. Requirements for Conducting of Business

CHAPTER IX

DOG KENNELS AND CATTERIES

19. Requirements for Premises
20. Duties of Person in Control of Kennels or Catteries

CHAPTER X

PETSHOPS AND PET SALONS

21. Requirements for Premises
22. Duties of Trader

CHAPTER XI

MISCELLANEOUS

23. Draining
24. Discharge of Taps
25. Nuisance
26. Illness attributable to Animals
27. Inspection
28. Offences and Penalties

BYLAE 1: Permit

BYLAE 2: Aansoek om permit

HOOFSTUK I

ALGEMEEN

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken —

“batterystelsel” die metode vir die aanhou van pluimvee of konyne in hokke, in enkel rye of in 'n verdieping-formasie binne 'n gebou of struktuur;

“dier” enige bees, skaap, bok, perd, muil, donkie, vark, konyne, kat en hond;

“dierewinkel” die besigheid vir die aanhou en verkoop van troeteldiere op persele wat kragtens die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), vir daardie doel gelisensieer is;

“gesondheidsbeampte” die Hoof Gesondheidsdienste van die Stadsraad van Kempton Park of iemand wat behoorlik deur die stadsraad gemagtig is om namens hom op te tree;

“goedgekeur” deur die gesondheidsbeampte goedgekeur, met inagneming van die redelike openbare gesondheidsvereistes van die besondere geval;

“hondeherberg” 'n perseel waarin of waarop —

(a) loseerfasiliteite vir honde verskaf word;

(b) honde vir handelsdoeleindes geteel word; of

(c) honde aangehou word om opgelei of uitgehuur te word, met of sonder afritgers of hanteerders;

“katteherberg” perseel waarin of waarop loseerfasiliteite vir katte voorskyn word of katte vir handelsdoeleindes aangehou of geteel word;

“konynhok” enige omheinde plek sonder 'n dak, wat met ogiesdraad of ander goedgekeurde materiaal omhein is, hetsy 'n toevoeging tot 'n konynhuis al dan nie, waarin konyne aangehou word;

“konynhuis” enige gebou of struktuur met 'n dak, buiten een waarin 'n batterystelsel bedryf word, waarin konyne aangehou word;

“lewende hawe” perde, beeste, skape, bokke, varke, muile, donkies en pluimvee;

“omheinde plek” met betrekking tot diere, enige kraal, hok, kamp of sodanige ander omheinde of toegemaakte gebied wat gebruik word om diere in te huisves, aan te hou of te oefen;

“openbare plek” enige pad, straat, looppad, sygaardjie, park of enige ander plek waartoe die publiek gemagtigde en onbelemmerde toegang het;

“oorlas” 'n oorlas soos omskryf in die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977);

“permithouer” die persoon aan wie die gesondheidsbeampte kragtens hierdie verordeninge 'n permit uitgereik het;

“persoon in beheer” die persoon wat werklik in beheer van 'n perseel of 'n besigheid is of dit werklik bestuur;

“perseel” enige grond, gebou of struktuur of enige gedeelte van grond, gebou of struktuur waarop of waarin enige van die aktiwiteite wat deur hierdie verordeninge beheer word, bedryf word;

“pluimvee” hoenders, eende, makoue, ganse, kalkoene, poue en mak tarentale;

“pluimveehok” enige omheinde plek sonder 'n dak, hetsy 'n uitbreiding van 'n pluimveehuis of nie, waarin pluimvee aangehou word;

“pluimveehuis” enige gebou of struktuur met 'n dak, buiten een waarin 'n batterystelsel bedryf word, waarin pluimvee aangehou word;

“raad” die grootstadsraad, stadsraad, dorpsraad of gesondheidskomitee wat kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 gestig is, of die Raad op Plaaslike Bestuursangeleenthede wat kragtens die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, ingestel is, en wat hierdie verordeninge ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, aangeneem het, en omvat die bestuurskomitee van sodanige raad of enige beampte in diens van sodanige raad wat handel uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge by sodanige raad berus en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960, of artikel 21bis van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, aan hom gedelegeer is;

SCHEDULE 1: Permit

SCHEDULE 2: Application for permit

CHAPTER I

GENERAL

DEFINITIONS

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

“adequate” means adequate in the opinion of the council;

“animal” means any cattle, sheep, goat, horse, mule, donkey, pig, rabbit, cat and dog;

“approved” means approved by the health officer in consideration of the reasonable public health requirements of the particular case;

“aviary” means a roofed or unroofed enclosure used for the keeping of birds, other than a portable cage;

“battery system” means the method of keeping poultry or rabbits in cages in either single rows or tier formation within a building or structure;

“bird” means a feathered vertebrate other than poultry;

“cattery” means premises in or upon which boarding facilities for cats are provided or cats are kept and bred for commercial purposes;

“council” means the city council, town council, village council or health committee established in terms of the Local Government Ordinance, 1939, or the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas established in terms of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, which has adopted these by-laws in terms of the Local Government Ordinance, 1939, and includes the management committee of such council or any officer employed by such council, acting by virtue of any power vested in such council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 or section 21bis of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943;

“dwelling” means any building or part thereof used for human occupancy;

“enclosure” in relation to animals, means any kraal, pen, paddock, or other such fenced or enclosed area used for accommodating, keeping or exercising animals;

“hawk” means the activity licensed in terms of item 41 of Schedule I to the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974), and the ‘hawker’ means any person carrying on such activity;

“health officer” the Chief of Health Services of the Town Council of Kempton Park or someone duly authorised thereto by the Town Council to act on his behalf;

“kennels” means premises in or upon which —

(a) boarding facilities for dogs are provided;

(b) dogs are bred for commercial purposes; or

(c) dogs are kept for the purpose of being trained or hired out with or without trainers or handlers;

“livestock” means horses, cattle, sheep, goats, pigs, mules, donkeys and poultry;

“nuisance” means a nuisance as defined in the Health Act, 1977 (Act 3 of 1977);

“permit holder” means the person to whom a permit has been issued by the health officer in terms of these by-laws;

“person in control” means the person actually managing or actually in control of a premises or a business;

“pet” means any domestic or other animal which may be lawfully kept as a pet any includes and bird and non-poisonous reptile;

“pet salon” means any premises in or upon which beauty treatment is given to dogs or cats by washing, drying, brushing, clipping, trimming or by attending to their nails or teeth;

“pet shop” means the business of keeping and selling of pets on premises licensed for that purpose under the Licences Ordinance, 1974 (Ordinance 19 of 1974);

“pigsty” means a building, structure or enclosure in which pigs are kept;

“poultry” means fowls, ducks, muscovy ducks, geese, turkeys, peacocks and domestic guinea-fowls;

"smous" die aktiwiteit gelisensieer ingevolge item 41 van Bylae 1 tot die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), asook enige persoon wat laasgenoemde aktiwiteit bedryf;

"stal" enige gebou of struktuur of enige deel daarvan wat gebruik word vir die huisvesting of aanhou van enige bees, perd, muil of donkie;

"toereikend" toereikend na die mening van die raad;

"troeteldier" enige huishoudelike of ander dier wat regmatig as 'n troeteldier aangehou mag word en sluit in enige voël en gifvrye reptiel;

"troeteldiersalon" enige perseel waarin of waarop skoonheidsbehandeling aan honde of katte gegee word deur hulle te was, droog te maak, te borsel, te skeer, te knip of hulle naels of tande te versorg;

"troeteldierwinkel" die besigheid van troeteldiere aanhou en verkoop op 'n perseel wat kragtens die Ordonnansie op Lisensies, 1974 (Ordonnansie 19 van 1974), vir daardie doel gelisensieer is;

"varkhok" 'n gebou, struktuur of omheinde plek waarin varke aangehou word;

"voël" 'n geveerde werwdier wat nie pluimvee is nie;

"voëlhok" 'n omheinde plek met of sonder 'n dak gebruik vir die aanhou van voëls en wat nie 'n draagbare hok is nie;

"woonhuis" enige gebou of 'n deel daarvan wat vir menslike bewoning gebruik word.

TOEPASSING VAN VERORDENINGE

2.(1) Die bepalinge van hierdie verordeninge is nie van toepassing nie op —

(a) die aanhou van koeie vir kommersiële melkproduksie;

(b) enige landboutoonstelling waar diere, pluimvee of voëls tydelik gehou word; en

(c) enige laboratorium waar diere, pluimvee of voëls vir navorsingsdoeleindes gehou word; Met dien verstande dat die gesondheidsbeampte, indien hy oortuig is dat die toepassing van een of meer van die bepalinge van hierdie verordeninge in die belang van die openbare gesondheid noodsaaklik is, deur middel van 'n kennisgewing aan die betrokke persoon kan vereis dat sodanige bepaling nagekom word.

(2) Die bepalinge van artikels 4(a), 10(b), 11(e) en 11(f) is nie op die tydelike aanhou van 'n bok op enige grond vir die voorsiening van melk vir mediese redes van toepassing nie, behoudens die voorafverkreë goedkeuring van die gesondheidsbeampte en op voorwaarde dat geen oorlas uit die aanhou van sodanige bok ontstaan nie.

(3) Die bepalinge van artikels 3, 4(a), 6, 8, 10, 12, 14, 16, 18, 19 en 21 is slegs van toepassing op persele wat nuut gebou is, herbou is of omskep is na die inwerkingtreding van hierdie verordeninge: Met dien verstande dat die gesondheidsbeampte, indien hy oortuig is dat enige een of meer van die voormelde vereistes in belang van die openbare gesondheid noodsaaklik is, skriftelik aan die eienaar of enige persoon in beheer van sodanige perseel kennis kan gee om sodanige vereistes as wat hy mag aandui binne 'n redelike tydperk soos vermeld in die kennisgewing, na te kom.

(4) Die bepalinge van artikels 12(e), (f)(i) en (ii) en 13(e)(ii), 13(g) en 13(i) is nie van toepassing op die aanhou van hoogstens tien stuks pluimvee nie.

(5) Die bepalinge van artikels 14(e)(iii) en 15(d)(ii), is nie van toepassing op die aanhou van hoogstens tien konyne nie.

PERSELE VIR DIE AANHOU VAN LEWENDE HAWE EN HONDEHERBERGE

3. Niemand mag —

(a) enige lewende hawe, buiten pluimvee, aanhou of enige hondeherberge bedryf binne enige gebied wat deur die raad as ongeskik vir die aanhou van lewende hawe of die bedryf van hondeherberge beskou word nie: Met dien verstande dat die voorafgaande nie op 'n veeartsenykundige kliniek of 'n sodanige hospitaal wat met die vergunning van die raad bedryf word, van toepassing is nie; en

(b) enige lewende hawe, buiten pluimvee, op persele wat minder as 1 ha groot is, aanhou nie: Met dien verstande dat in die geval van 'n handelaar of spekulant in lewende hawe, die grond nie minder as 2,5 ha groot moet wees.

AANHOU VAN DIERE, PLUIMVEE EN VOËLS

4. Niemand mag enige dier, pluimvee of voël aanhou in of op enige perseel —

(a) wat nie aan die bepalinge van hierdie verordeninge voldoen nie; en

(b) wat so gebou, in stand gehou of gelê is dat die aanhou van diere, pluimvee of voëls daarop na die mening van die gesondheidsbeampte waarskynlik 'n oorlas sal veroorsaak wat nadelig of gevaarlik vir die ge-

"poultry house" means any roofed building or structure, other than one in which a battery system is operated, in which poultry is kept;

"poultry run" means any unroofed wire mesh or other enclosure, whether or not an addition to a poultry house, in which poultry is kept;

"premises" means any land, building or structure or any portion of land, building or structure on or in which any of the activities regulated by these by-laws are carried on;

"public place" means any road, street, pavement, sidewalk, park or other place to which the public has authorised and unimpeded access;

"rabbit hutch" means any roofed building or structure, other than one in which a battery system is operated, in which rabbits are kept;

"rabbit run" means any unroofed wire mesh or other approved enclosure, whether or not an addition to a rabbit hutch, in which rabbits are kept;

"stable" means any building or structure or any part thereof used for accommodating or keeping any cattle, horses, mules or donkeys.

APPLICATION OF BY-LAWS

2.(1) The provisions of these by-laws shall not be applicable to —

(a) the keeping of cows for commercial milk production;

(b) any agricultural show where animals, poultry or birds are kept on a temporary basis; and

(c) any laboratory where animals, poultry or birds are kept for research purposes: Provided that the health officer may, if he is satisfied that the application of one or more provisions of these by-laws is essential in the interest of public health, by notice to the person concerned require such provision be complied with.

(2) The provisions of sections 4(a), 10(b), 11(e) and 11(f) shall not apply to the temporary keeping of a goat on any land for the provision of milk for medical reasons, provided that the prior approval of the health officer is obtained and no nuisance arises from the keeping of such goat.

(3) The provisions of sections 3, 4(a), 6, 8, 10, 12, 14, 16, 18, 19 and 21 shall apply only to premises which are newly constructed, re-constructed or converted after the commencement of these by-laws: Provided that the health officer may, if he is satisfied that the application of any one or more of the said requirements is essential in the interests of public health, give notice in writing to the owner or person in control of such premises, to comply with such requirements as he may specify within a reasonable period stated in the notice.

(4) The provisions of sections 12(e), (f)(i) and (ii) and 13(e)(ii), 13(g) and 13(i) shall not apply to the keeping of poultry not exceeding ten in number.

(5) The provisions of sections 14(e)(iii) and 15(d)(ii), shall not apply to the keeping of rabbits not exceeding ten in number.

PREMISES FOR THE KEEPING OF LIVESTOCK AND KENNELS

3. No person shall —

(a) keep any livestock, other than poultry, or conduct kennels within any area defined by the council as unsuitable for the keeping of livestock and the conduct of kennels: Provided that the foregoing shall not apply in respect of a veterinary clinic or veterinary hospital operating with the council's consent; and

(b) keep livestock, other than poultry, on premises less than 1 ha in extent: Provided that in the case of a dealer or speculator in livestock the land shall not be less than 2,5 ha in extent.

KEEPING OF ANIMALS, POULTRY AND BIRDS

4. No person shall keep any animals, poultry or bird in or on any premises —

(a) which does not comply with the provisions of these by-laws; and

(b) which are so constructed, maintained or situated that the keeping of animals, poultry or birds therein is, in the opinion of the health officer, likely to cause a nuisance or which may be injurious or dangerous to

sondheid sal wees, soos in artikel 80(7)(c) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), beoog.

PERMITTE VIR DIE AANHOU VAN DIERE EN PLUIMVEE

5.(1) Niemand mag —

(a) enige dier, buiten 'n kat, hond of meer as tien konyne of twintig stuks pluimvee aanhou nie, tensy hy die houër is van 'n permit uitgereik deur die gesondheidsbeampte op die vorm soos uiteengesit in Bylae 1 hierby: Met dien verstande dat sodanige permit nie nodig is nie vir die aanhou van enige dier of pluimvee in verband met die besigheid van 'n troeteldierwinkel; en

(b) enige dier of pluimvee aanhou wat meer is as die getal wat in sodanige permit aangedui word nie: Met dien verstande dat die suigelingen van soogdiere, nie in ag geneem word nie.

(2) Aansoek om sodanige permit moet gedoen word by die gesondheidsbeampte op die vorm uiteengesit in Bylae 2 hierby.

(3) 'n Permit is nie oordraagbaar nie en verval op die datum waarop die permithouër ophou om die diere of pluimvee waarvoor die permit uitgereik is, aan te hou.

(4) 'n Permithouër moet die gesondheidsbeampte binne tien dae nadat dit plaasgevind het, skriftelik in kennis stel as hy ophou om die diere en pluimvee ten opsigte waarvan die permit uitgereik is, aan te hou of van enige toename in die getal diere of pluimvee aangehou wat meer is as die getal wat in die betrokke permit aangedui word.

(5) Die raad kan 'n permit, uitgereik ingevolge subartikel (1)(a), intrek indien —

(a) die konstruksie of instandhouding van die betrokke perseel op enige tydstip nie aan die bepalinge van hierdie verordeninge voldoen nie of as die permithouër sodanige bepaling oortree of versuim om daaraan te voldoen en as die permithouër versuim om te voldoen aan 'n skriftelike kennisgewing van die gesondheidsbeampte wat van hom vereis om sodanige perseel, aan die verordeninge te laat voldoen of om sodanige oortreding of versuim binne 'n tydperk wat in sodanige kennisgewing aangedui word, te staak;

(b) enige siekte wat, na die mening van die gesondheidsbeampte of 'n veearts, van so 'n aard is dat dit waarskynlik 'n gevaar vir die openbare gesondheid of vir ander diere en pluimvee inhou, onder die diere of pluimvee wat kragtens sodanige permit aangehou word, uitbreek;

(c) die permithouër of die persoon in beheer van die perseel op die betrokke tydstip, persoonlik of deur sy werknemer die gesondheidsbeampte dwarsboom in die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie verordeninge;

(d) die permithouër deur 'n bevoegde Hof aan die oortreding van hierdie verordeninge skuldig bevind is; en

(e) na die mening van die gesondheidsbeampte, 'n openbare oorlas as gevolg van die aanhou van die diere bestaan.

(6) Sodra 'n permit ingetrek is, moet die gesondheidsbeampte die permithouër skriftelik van sodanige intrekking verwittig.

(7) Die gesondheidsbeampte kan, behoudens die voorafgaande bepalinge van hierdie artikel, 'n nuwe permit uitreik as hy oortuig is dat die rede vir die intrekking nie meer bestaan nie of dat daar geen rede is waarom 'n nuwe permit nie uitgereik behoort te word nie.

HOOFSTUK II

AANHOU VAN BEESTE, PERDE, MUILE EN DONKIES

VEREISTES VIR PERSELE

6. Vir die aanhou van enige bees, perd, muil of donkie, moet 'n stal of omheinde plek wat aan die volgende vereistes voldoen, verskaf word:

(a) Elke muur en afskorting van die stal moet van baksteen, klip, beton of ander duursame materiaal gebou word.

(b) Die oppervlakte van die binnemure van die stal moet van 'n gladde baksteen of 'n ander duursame oppervlakte wat glad afgewerk is, wees.

(c) Die hoogte van die mure tot by die muurplate van die stal moet —

(i) 2,4 m wees in die geval van 'n staandak;

(ii) 2,7 m wees in die geval van 'n platdak;

(iii) gemiddeld 3 m hoog wees met 'n minimum hoogte van 2,4 m aan die een sy in die geval van 'n afdak; en

(iv) nie minder nie as 2 m wees in die geval van 'n stal met 'n opening langs die volle lengte van een van die lang sye daarvan.

(d) Die stal moet 'n vloeroppervlakte van ten minste 9 m² hê vir elke bees, perd, muil of donkie wat daarin gehuisves gaan word.

(e)(i) Behalwe in die geval van 'n stal wat langs die volle lengte van een van die lang sye daarvan oop is, moet beligting en lugventilasie deur

health as contemplated in section 80(7)(c) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939).

PERMITS FOR KEEPING OF ANIMALS AND POULTRY

5.(1) No person shall keep —

(a) any animals, other than a cat, dog or more than ten rabbits or poultry in excess of twenty, unless he is the holder of a permit issued by the health officer in the form set out in Schedule 1 hereto: Provided that such permit shall not be required for the keeping of any animal or poultry in connection with the business of a pet shop;

(b) any animal or poultry in excess of the number specified in such permit: Provided that sucklings of any mammal shall not be taken into account.

(2) Application for such a permit must be made to the health officer in the form set out in Schedule 2 hereto.

(3) A permit shall not be transferable and shall expire on the date on which the permit holder ceases to keep the animals or poultry for which the permit was issued.

(4) A permit holder must in writing notify the health officer if he ceases to keep the animals or poultry in respect of which a permit was issued or of any increase in the number of animals or poultry kept in excess of the number specified in the permit concerned, within ten days of any such occurrence.

(5) The council may cancel a permit issued in terms of subsection (1)(a), if —

(a) the construction or maintenance of the premises concerned at any time does not comply with any provision of these by-laws, or the permit holder contravenes, or fails to comply with any such provision, and the permit holder fails to comply with a written notice from the health officer requiring him to make such premises comply with the by-laws or to cease such contravention or failure within a period specified in such notice;

(b) any disease, which in the opinion of the health officer or a veterinarian, is of such a nature that it is likely to constitute a danger to the public health or to other animals or poultry, breaks out amongst the animals or poultry kept under such permit;

(c) the permit holder or person in control of the premises at the time, personally or through his employee obstructs the health officer in the execution of his duties under these by-laws;

(d) the permit holder has been found guilty in a competent court of a contravention of these by-laws;

(e) in the opinion of the health officer, a public nuisance exists due to the keeping of the animals.

(6) The health officer must as soon as a permit has been cancelled, notify the permit holder of such cancellation in writing.

(7) The health officer may, subject to the foregoing provisions of this section, issue a new permit if he is satisfied that the reason for the cancellation no longer exists or that there is no reason why a new permit should not be issued.

CHAPTER II

KEEPING OF CATTLE, HORSES, MULES AND DONKEYS

REQUIREMENTS FOR PREMISES

6. A stable or enclosure complying with the following requirements, must be provided for the keeping of any cattle, horse, mule or donkey: —

(a) Every wall and partition of the stable must be constructed of brick, stone, concrete or other durable material.

(b) The internal wall surfaces of the stable must be of smooth brick or other durable surface brought to a smooth finish.

(c) The height of the walls to the wall plates of the stable must be —

(i) 2,4 m in the case of a pitched roof;

(ii) 2,7 m in the case of a flat roof;

(iii) 3 m in average with a minimum of 2,4 m on the one side, in the case of a lean-to-roof;

(iv) not less than 2 m in the case of a stable which has an opening along the entire length of one of its long sides.

(d) The stable must have a floor area of at least 9 m² for each head of cattle, horse, mule or donkey to be accommodated therein.

(e)(i) Except in the case of a stable which is open along the entire length of one of its long sides, lighting and ventilation must be provided

openinge of opmaakbare glasvensters of hortjies van ten minste 0,3 m² vir elke dier wat daarin gehuisves gaan word, voorsien word; en

(ii) die laagste punt van elke sodanige opening, venster of hortjiesvenster moet ten minste 1,8 m bokant die vloervlak wees.

(f) Die vloer van die stal moet van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk, afgeskuins is na 'n vloergeut en wat ingevolge die bepalings van artikel 23 gedreineer moet wees.

(g) Enige omheinde plek moet 'n oppervlakte van ten minste 10 m² hê vir elke bees, perd, muil of donkie wat daarin gehuisves gaan word, en die omheining moet van 'n materiaal met 'n genoegsame sterkte sodanig gebou wees dat dit die uitbreek van sodanige diere sal voorkom.

(h) Geen omheinde plek of stal mag binne 50 m van enige put, waterloop of ander waterbron wat vir menslike gebruik bedoel is of gebruik word en geen stal mag minder as 15 m van enige grens van enige grond, woonhuis of ander gebou of struktuur wat vir menslike bewoning gebruik word, wees nie.

(i) 'n Toevoer van drinkbare water wat toereikend vir drink- en skoonmaakdoeleindes is, moet in of aanliggend aan elke stal en omheinde plek verskaf word.

PLIGTE VAN AANHOUER VAN BEESTE, PERDE, MUILE EN DONKIES

7. Elke persoon wat enige bees, perd, muil of donkie aanhou, moet —

(a) toesien dat elke sodanige dier binne 'n stal of 'n omheinde plek gehou word;

(b) die perseel, enige toerusting, apparaat, houers en bak wat in verband met sodanige aanhou gebruik word, in 'n skoon, higiëniese en goeie toestand in stand hou;

(c)(i) draagbare misopbergbakke van 'n ondeurdringbare materiaal en met digpassende deksels verskaf; en

(ii) elke sodanige bak hou op 'n platform wat van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal en aanliggend aan die stal of omheinde plek gebou is, tot so 'n mate dat dit mutatis mutandis aan die bepalings van artikel 6(h) voldoen;

(d) indien die mis en kooigoed van so 'n omvang is dat opbergbakke nie toereikend of onprakties is, 'n misopbergplek verskaf wat aan die volgende voldoen: —

(i) Die misopbergplek moet omsluit word deur drie mure gebou van baksteen, beton of 'n ander duursame materiaal wat glad gepleister is en gewelf is by die aansluiting met die vloer; en

(ii) die vloer moet van beton wees wat glad afgewerk, afgeskuins en gedreineer word na 'n watergeut met 'n minimum deursnee van 150 mm langs die volle lengte aan die oop kant, welke geut vol water gehou moet word;

(e) al die mis uit die stal en omheinde plek minstens een keer elke 24 uur verwyder en dit in die misopbergbakke of misopbergplek plaas totdat dit van die perseel af verwyder word;

(f) die inhoud van die misopbergbakke of misopbergplek ten minste een maal elke tweede dag van die perseel verwyder word of dit wegdoen op so 'n wyse wat nie 'n oorlas sal veroorsaak nie;

(g) alle kooigoed ten minste een maal per week van die stal verwyder en dit in die misopbergbakke of misopbergplek berg totdat dit van die perseel af verwyder word;

(h) alle saals, tooms, tuie en ander toerusting of artikels wat in verband met die aanhou van sodanige diere gebruik word, in 'n pakkamer of ander bergfasiliteit wat deur die Raad goedgekeur is, opberg;

(i) 'n pakkamer wat knaagdierdig is, verskaf waarin alle voer geberg moet word asook 'n aantal houers wat knaagdierdig is met digpassende deksels in sodanige pakkamer waarin alle los voer geberg moet word; en

(j) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes gehuisves word of uitbreei, en vir die vernietiging daarvan.

**HOOFSTUK III
AANHOU VAN VARKE
VEREISTES VIR PERSELE**

8.(1) 'n Varkhok wat aan die volgende vereistes voldoen, moet vir die aanhou van varke verskaf word: —

(a) Elke muur moet van baksteen, klip, beton of 'n ander duursame materiaal wat nie laer as 1,5 m is nie en wat oor 'n gladde binne-oppervlakte beskik, gebou wees;

(b) Die varkhok moet 'n vloeroppervlakte van ten minste 3 m² hê vir elke vark wat daarin gehuisves word, met 'n algemene minimum vloeroppervlakte van 6 m²;

by openings of glazed opening windows or louvres totalling at least 0,3 m² for each animal to be accommodated therein; and

(ii) The lowest point of every such opening, window or louver must be at least 1,8 m above floor level.

(f) The floor of the stable must be constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish and graded to a channel and which must be drained in terms of the provisions of section 23.

(g) Any enclosure must have an area of at least 10 m² for each head of cattle, horse, mule or donkey to be accommodated therein and the fencing must be of such substantial material and so constructed as to prevent such animals from breaking out.

(h) No enclosure or stable shall be situated within 50 m of any well, water course or other source of water supply intended or used for human consumption and no stable shall be situated less than 15 m of any boundary of any land, dwelling or other building or structure used for human occupancy.

(i) A potable water supply adequate for dinking and cleaning purposes, must be provided in or adjacent to every stable or enclosure.

DUTIES OF KEEPER OF CATTLE, HORSES, MULES AND DONKEYS

7. Every person keeping any cattle, horse, mule or donkey must —

(a) ensure that any such animal is kept within a stable or enclosure;

(b) maintain the premises, any equipment, apparatus, container and receptacle used in connection with such keeping, in a clean and hygienic condition and in good repair;

(c)(i) provide portable manure storage receptacles of any impervious material and with close fitting lids; and

(ii) every such receptacle shall be kept on a platform constructed of concrete or other durable and impervious material and situated adjacent to the stable or enclosure and so as to comply mutatis mutandis with the provisions of section 6(h);

(d) if the manure and bedding is of such quantity that storage receptacles are inadequate or impractical, provide a manure midden complying with the following requirements: —

(i) The midden must be enclosed by three walls constructed of brick, concrete or other durable material plastered to a smooth finish and covered at the junctions with the floor;

(ii) the floor must be of concrete brought to a smooth finish, graded and drained to a water channel at least 150 mm in diameter along the full length of the open side, which channel must be kept filled with water;

(e) remove all the manure from the stable and enclosure at least once every 24 hours and place it in the manure storage receptacles or midden pending removal from the premises;

(f) remove the contents of the manure storage receptacles or midden from the premises at least once every second day or dispose thereof in a manner which will not cause a nuisance;

(g) remove all bedding from the stable at least once a week and store it in the manure receptacles or midden pending removal from the premises;

(h) store all saddles, bridles, harnesses and other equipment or articles used in connection with the keeping of such animals, in a store-room or other storage facilities approved by the council;

(i) provide a rodent-proofed store-room in which all fodder must be stored as well as a number of rodent proofed receptacles provided with close fitting lids in such store-rooms in which all loose fodder must be stored;

(j) take effective measures for the prevention of harbouring or breeding of, and for the destruction of flies, cockroaches, rodents and other vermin.

**CHAPTER III
KEEPING OF PIGS
REQUIREMENTS FOR PREMISES**

8.(1) A pigsty complying with the following requirements must be provided for the keeping of pigs: —

(a) Every wall must be constructed of brick, stone, concrete or other durable material not less than 1,5 m in height and must have a smooth internal surface;

(b) The pigsty must have a floor area of at least 3 m² for each pig to be accommodated therein, with an overall minimum floor area of 6 m²;

(c) 'n Dak wat oor enige deel van 'n varkhok verskaf word, moet op die laagste punt van die varkhok gemeet vanaf die grondvlak daarvan, nie minder as 1,5 m hoog wees nie en uitgesonderd in die geval van 'n bedekte struktuur waarvan een van die lang sye daarvan heeltemal oop is, moet openinge vir beligting en lugventilasie in teenoorgestelde mure van ten minste 0,15 m² vir elke vark wat gehuisves gaan word, of 'n ander toereikende wyse van beligting en lugventilasie verskaf word;

(d) Die aansluiting tussen die mure en die vloer moet gewelf word;

(e) Die vloer moet ten minste 150 mm bokant die omringde grondvlak wees en moet van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk en afgeskuins is vir die afvoer van vloeistowwe na 'n oop geut buite die varkhok, gebou van beton, geglasuurde erdeware of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal wat nie minder as 100 mm in deursnee is nie en ingevolge die bepalings van artikel 23 gedreineer is;

(f) Die varkhok moet so gebou wees dat dit voorkom word dat die varke uitbreek; en

(g) geen varkhok mag binne 50 m van enige woonhuis of 'n ander gebou of struktuur wat vir menslike bewoning gebruik word of van 'n grens van enige grond of van enige put, waterloop of 'n ander bron van watervoorsiening wat vir menslike verbruik bedoel of gebruik word, geleë wees nie.

(2)(a) 'n Betonplatform waaroor 'n dak aangebring is, moet verskaf word vir die opberg van alle varkkos en houters vir die voorbereiding van varkvoer en dit moet so geleë wees dat dit mutatis mutandis aan die bepalings van subartikel (1)(g) voldoen; en

(b) sodanige platform moet 'n rand van ten minste 100 mm hoog aan al sy sye hê en die oppervlak van die platform moet glad en onderdringbaar afgewerk wees en afgeskuins wees na 'n geut wat ingevolge die bepalings van artikel 23 gedreineer moet wees.

(3) 'n Toevoer van drinkbare water wat toereikend is vir drink- en skoonmaakdoeleindes, moet in of aanliggend aan elke varkhok verskaf word.

PLIGTE VAN AANHOUER VAN VARKE

9. Elke persoon wat varke aanhou moet —

(a) toesien dat elke vark in 'n varkhok aangehou word;

(b) die perseel en enige toerusting, apparaat, houer en bak wat in verband met sodanige aanhouding gebruik word, in 'n skoon, higiëniese en goeie toestand in stand hou;

(c)(i) draagbare misopbergbakke van ondeurdringbare materiaal en met digpassende deksels verskaf; en

(ii) elke sodanige bak hou op 'n platform wat van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou is aanliggend aan die varkhok sodat dit mutatis mutandis aan die bepalings van artikel 8(1)(g) voldoen;

(d) alle mis ten minste een keer in elke 24 uur uit die varkhok verwyder en in die misopbergbakke plaas;

(e) die inhoud van die misopbergbakke ten minste een keer elke tweede dag van die perseel verwyder of wegdoen op 'n wyse wat nie 'n oorlas skep nie;

(f) 'n knaagdierdigte pakkamer verskaf waarin alle voer, buiten varkkos, geberg moet word asook 'n aantal knaagdierdigte houters met digpassende deksels waarin los voer geberg moet word; en

(g) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes gehuisves word of uitbroei, en vir die vernietiging daarvan.

HOOFSTUK IV

AANHOU VAN BOKKE EN SKAPE

VEREISTES VIR PERSELE

10. Vir die aanhou van enige bok of skaap moet persele wat aan die volgende vereistes voldoen, verskaf word: —

(a) 'n Omheinde plek met 'n oppervlakte van ten minste 1,5 m² moet vir elke bok of skaap wat daarin gehuisves gaan word, verskaf word met 'n algemene minimum vloeroppervlakte van 30 m².

(b) Indien 'n gebou of skuur vir sodanige aanhouding verskaf word, moet dit aan die volgende vereistes voldoen: —

(i) Elke muur daarvan moet van baksteen, klip, beton of ander duursame materiaal met 'n hoogte van nie minder nie as 2 m gebou wees en moet 'n gladde binne-oppervlakte hê;

(ii) Die vloer moet van beton of 'n ander duursame onderdringbare materiaal gebou wees wat glad afgewerk en afgeskuins is na 'n geut wat ingevolge die bepalings van artikel 23 gedreineer moet wees;

(c) A roof provided over any portion of a pigsty must be of a height of not less than 1,5 m from ground level at the lowest point in the pigsty and, except in the case of a covered structure having one of its long sides completely open, lighting and ventilation openings situated in opposite external walls of at least 0,15 m² for each pig accommodated or other adequate means of ventilation and lighting must be provided;

(d) The junction between the walls and floor must be coved;

(e) The floor must be at least 150 mm above the surrounding ground level, and must be constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish and graded for the runoff of liquids into an open channel outside the pigsty, constructed of concrete, glazed earthenware, or other durable and impervious material, measuring not less than 100 mm in diameter and drained in terms of the provisions of section 23;

(f) The pigsty must be so constructed as to prevent the pigs therein from breaking out; and

(g) no pigsty must be situated within 50 m of any dwelling or other building or structure used for human occupancy or from the boundary of any land or from any well, water course or other source of water supply intended or used for human consumption.

(2)(a) A roofed concrete platform must be provided for the storage of all swill in containers and for the preparation of pig food and it must be so situated as to comply mutatis mutandis with the provisions of subsection (1)(g); and

(b) such platform must have a kerbing of at least 100 mm high on all sides and the surface of the platform must be brought to a smooth impervious finish and graded to a channel drained in terms of the provisions of section 23.

(3) A potable water supply adequate for drinking and cleaning purposes must be provided in or adjacent to every pigsty.

DUTIES OF KEEPER OF PIGS

9. Every person keeping pigs must —

(a) ensure that every pig is kept in a pigsty;

(b) maintain the premises and any equipment, apparatus, container and receptacle used in connection with such keeping, in a clean and hygienic condition and in good repair;

(c)(i) provide portable manure storage receptacles of an impervious material and with close fitting lids; and

(ii) keep every such receptacle on a platform constructed of concrete or other durable and impervious material adjacent to the pigsty so as to comply mutatis mutandis with the provisions of section 8(1)(g);

(d) remove all manure from the pigsty at least once every 24 hours and place it in the manure storage receptacles;

(e) remove the contents of the manure storage receptacles from the premises at least once every second day or dispose thereof in a manner which will not cause a nuisance;

(f) provide a rodent proofed store-room in which all fodder, other than swill, must be stored as well as a number of rodent proofed receptacles with close fitting lids in such store-room in which all loose fodder must be stored;

(g) take effective measures for the prevention of harbouring or breeding of, and for the destruction of flies, cockroaches, rodents and other vermin.

CHAPTER IV

KEEPING OF GOATS AND SHEEP

REQUIREMENTS FOR PREMISES

10. Premises complying with the following requirements, must be provided for the keeping of any goat or sheep: —

(a) An enclosure with an area of at least 1,5 m² must be provided for every goat or sheep to be accommodated therein with an overall minimum floor area of 30 m².

(b) If a building or shed is provided for such keeping, it must comply with the following requirements: —

(i) Every wall thereof must be constructed of brick, stone, concrete or other durable material not less than 2 m in height and must have a smooth internal finish;

(ii) The floor must be constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish and graded to a channel which must be drained in terms of the provisions of section 23;

(iii) Die vloeroppervlakte moet ten minste 1,5 m² groot wees vir elke bok of skaap wat daarin gehuisves gaan word, met 'n algemene minimum vloeroppervlakte van 6 m²; en

(iv) openinge vir beligting en lugventilasie met 'n totale grootte van ten minste 0,15 m² moet verskaf word per bok of skaap wat in die gebou of skuur aangehou word.

(c) Geen gebou of skuur mag binne 15 m en geen omheinde plek mag binne 50 m vanaf enige woonhuis of enige ander gebou of struktuur wat vir menslike bewoning gebruik word en binne 50 m van enige put, waterloop of enige ander bron van watervoorsiening wat vir menslike verbruik bedoel is of gebruik word, geleë wees nie.

(d) 'n Toevoer van drinkbare water wat toereikend is vir drink- en skoonmaakdoeleindes, moet in of aanliggend aan elke skuur of omheinde plek verskaf word.

PLIGTE VAN AANHOUER VAN BOKKE EN SKAPE

11. Elke persoon wat enige bok of skaap aanhou, moet —

(a) toesien dat elke sodanige dier binne 'n omheinde plek, gebou of skuur aangehou word;

(b) die perseel en enige toerusting, apparaat, houer en bak wat in verband met sodanige aanhouding gebruik word, in 'n skoon, higiëniese en goeie toestand in stand hou;

(c) draagbare misopbergbakke van 'n ondeurdringbare materiaal en met digpassende deksels verskaf;

(d) alle mis ten minste een maal elke sewe (7) dae uit die omheinde plek, gebou of skuur verwyder en dit in die misopbergbakke plaas;

(e) die inhoud van die misopbergbakke ten minste een keer elke sewe (7) dae van die perseel verwyder of dit wegdoen op 'n wyse wat nie 'n oorlas skep nie;

(f) 'n knaagdierdigte pakkamer verskaf waarin alle voer geberg moet word asook 'n aantal knaagdierdigte bakke met digpassende deksels in sodanige pakkamer verskaf waarin alle los voer geberg moet word; en

(g) doeltreffende maatreëls tref om te voorkom dat vlieë, kakkerlakke, knaagdiere en ander ongediertes gehuisves word of uitbroei, en vir die vernietiging daarvan.

HOOFSTUK V

AANHOU VAN PLUIMVEE

VEREISTES VIR PERSELE

12. Vir die aanhou van pluimvee, moet persele wat aan die volgende vereistes voldoen, verskaf word: —

(a) 'n Pluimveehuis wat aan die volgende vereistes voldoen: —

(i) Elke muur daarvan moet van baksteen, klip, beton of 'n ander duursame materiaal gebou wees en moet 'n gladde binne-oppervlakte hê;

(ii) Die vloer moet van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees en dit moet glad afgewerk wees;

(iii) Die boonste vloere van 'n struktuur met twee of meer vlakke moet van 'n ondeurdringbare materiaal wees wat maklik skoongemaak kan word; en

(iv) dit moet 'n oppervlakte hê van ten minste 0,2 m² vir elke volgroeiende hoender, eend, makou of tarentaal en 0,5 m² vir elke volgroeiende gans, kalkoen of pou wat daarin aangehou word, met 'n minimum totale oppervlakte van 4 m².

(b) 'n Pluimveehok, indien verskaf, moet met ogiesdraad of 'n ander duursame materiaal omhein wees.

(c) Indien 'n batterystelsel bedryf gaan word, moet 'n gebou of 'n struktuur verskaf word waarin sodanige stelsel gehuisves moet word en sodanige gebou of struktuur moet ooreenkomstig die volgende vereistes gebou en toegegerus wees: —

(i) Elke muur, indien verskaf, moet ten minste 2,5 m hoog wees en moet gebou wees van baksteen, klip, beton of 'n duursame materiaal en die binne-oppervlakte daarvan moet glad afgewerk wees;

(ii) Indien mure verskaf word, moet die gebou deur middel van meganiese ventilasie en kunsmatige beligting geventileer of verlig word of deur natuurlike lugventilasie en lig te verkry deur openinge of oopmaakvensters wat gelyk is aan nie minder nie as 15 % van die vloeroppervlakte van die gebou;

(iii) Die vloer moet van beton of 'n ander duursame en ondeurdringbare materiaal gebou wees, wat glad afgewerk is en indien dit deur die gesondheidsbeampte vereis word, moet die vloeroppervlakte afgeskuins wees na 'n geut wat ingevolge die bepaling van artikel 23 gedreineer moet wees;

(iii) The floor area must be at least 1,5 m² for every goat or sheep to be accommodated therein with an overall minimum floor area of 6 m²;

(iv) lighting and ventilation openings totalling at least 0,15 m² must be provided per goat or sheep to be kept in the building or shed.

(c) No building or shed may be situated within 15 m and no enclosure within 50 m from any dwelling or any other building or structure used for human occupancy and within 50 m from any well, water course or other source of water supply intended or used for human consumption.

(d) A potable water supply adequate for drinking and cleaing purposes must be provided in or adjacent to every shed or enclosure.

DUTIES OF KEEPER OF GOATS AND SHEEP

11. Every person keeping any goat or sheep must —

(a) ensure that every such animal is kept within an enclosure, building or shed;

(b) maintain the premises and any equipment, apparatus, container and receptacle used in connection with such keeping, in a clean and hygienic condition and in good repair;

(c) provide portable manure storage receptacles of an impervious material and with close fitting lids;

(d) remove all manure from the enclosure, building or shed at least once every 7 days and place it in the manure storage receptacles;

(e) remove the contents of the manure storage receptacles from the premises at least once every 7 days or dispose thereof in a manner which will not cause a nuisance;

(f) provide a rodent proofed store-room in which all fodder must be stored as well as a number of rodent proofed receptacles, with close fitting lids in such store-room in which all loose fodder must be stored; and

(g) take effective measures for the prevention of harbouring and breeding of, and for the destruction of flies, cockroaches, rodents and other vermin.

CHAPTER V

KEEPING OF POULTRY

REQUIREMENTS FOR PREMISES

12. Premises complying with the following requirements must be provided for the keeping of poultry: —

(a) A poultry house complying with the following requirements: —

(i) Every wall thereof must be constructed of brick, stone, concrete or other durable material and must have a smooth internal surface;

(ii) The floor must be constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish;

(iii) The upper floors of a structure of two or more levels must be of an impervious material which can be easily cleaned; and

(iv) it must have an area of at least 0,2 m² for each grown fowl, duck, muscovy duck or guinea-fowl, and 0,5 m² for each grown goose, turkey, peacock to be accommodated therein, with a minimum total area of 4 m².

(b) A poultry run, if provided, must be enclosed with wire mesh or other durable material.

(c) If a battery system is to be operated, a building or structure in which such system must be housed, must be provided, and such building or structure must be constructed and equipped in accordance with the following requirements: —

(i) Every wall, if provided, must be at least 2,4 m high and must be constructed of concrete, stone, brick or other durable material and must have a smooth internal surface;

(ii) If walls are provided, the building must be ventilated and lighted by means of mechanical ventilation and artificial lighting or by obtaining natural ventilation and light through openings or opening windows of an area equal to not less than 15 % of the floor area of the building;

(iii) The floor must be constructed of concrete or other durable and impervious material brought to a smooth finish, and if required by the health officer, the floor surface must be graded and drained to a channel which must be drained in terms of the provisions of section 23;

(iv) Indien geen mure verskaf word nie of as die mure van metaal vervaardig is, moet die vloer voorsien wees van 'n rand reg rondom van ten minste 150 mm hoog;

(v) Elke aansluiting tussen die vloer en die mure en die rand moet gewelf wees;

(vi) Die hokke van die batterystelsel moet van 'n ondeurdringbare materiaal gebou wees;

(vii) Indien die gesondheidsbeampte dit vereis, moet 'n pan van 'n ondeurdringbare materiaal en ontwerp, vir die opvang van mis onder elke hok aangebring word; en

(viii) 'n handewasbak met 'n standhoudende watertoevoer daarvoor aangelê, moet verskaf word en ingevolge die bepalings van artikel 23 gedreineer wees.

(d) 'n Toevoer van drinkbare water wat toereikend is vir drink- en skoonmaakdoeleindes, moet in of aangrensend aan die batterystelselgebou, struktuur of pluimveehuis verskaf word.

(e) Daar moet 'n onbelemmerde ruimte van ten minste 3 m wees tussen enige pluimveehuis, pluimveehok of gebou of struktuur wat 'n batterystelsel huisves en die naaste punt van enige woonhuis, ander gebou of struktuur wat vir menslike bewoning gebruik word of 'n plek waar voedsel vir menslike gebruik geberg of voorberei word, asook die naaste grens van enige grond.

(f)(i) 'n Knaagdierdigte pakkamer waarvan die vloeroppervlakte nie minder as 7 m², die wydte nie minder as 2,2 m en die hoogte nie minder as 2,4 m moet wees nie, moet vir die berging van voer verskaf word;

